
# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

DERDE UITGAWE 2021




Bl. 3

## Goud kwadraat!

Foto: Olympic Information Service

### LEEFWYSE



Dit is die maand Oktober – die mooiste maand en ook Jakaranda-maand in Pretoria. Die Affies sit vroegoggend voor skool by 1920, amper in die skadu van dié pragtige pers boom.

### LEEFWYSE



Die Gidshondvereniging het die skool laat weet dat hulle 'n groot tekort het aan tweedehandse donkerbrille, wat baie nuttig deur swaksiende persone gebruik kan word. Me. Marlene du Toit het dié versoek aan die seuns deurgegee en skenkings word nou deurlopend by die skool afgegee. Op die foto bo is Affies met hul bydraes. Lees ook meer van ander 360-projekte op bladsy 7.

### KULTUUR



Covid-19 kon die entoesiastiese musikante by Affies nie stuit nie en die jaarlikse Lentekonsert is op 17 September aangebied. Met die verslapping van die Covid-maatreëls kon die ouers egter uiteindelik ook persoonlik hul seuns se optredes in die Ben Schoeman Ouditorium bywoon. Op die foto is Janno Bouwer, Wentzel Lotriet en Jonty Bleeker, almal in matriek.

### SPORT



Die hokkieseisoen het op 18 Augustus hervat, nadat die virus die manne tydelik van die astro af gehou het.
Die spanne het teen Eldoraigne, Waterkloof, Garsfontein, KES, Jeppe en Boys High gespeel.
Op die foto bo is Louw du Preez in aksie. Lees die volledige berig hieroor op bladsy 9.

### LEEFWYSE




Net by Affies… slaan almal vuis oor ou opedagplakkate, want almal wil met een teen hul kamermuur spog!
Die Skakelkantoor het in September hope plakkate van die gekanselleerde 2020-opedag in die vierkant voor die stoorkamer neergesit en al 380 het in 'n rekordtyd – en ná luidrugtige bekgevegte – nuwe eienaars gekry.

# REDAKSIONEEL

Henko Brits

Die asemrowende gesig van jakarandas in volle blom, is iets wat Pretorianers, en natuurlik Affies, ken en ten volle kan waardeer. Dit dui aan dat die somerseisoen aangebreek het, maar ook dat die eindeksamen stadig maar seker naderkruip.

Die matrieks van 2021 is in die pylvak van hul skoolloopbaan. Hulle het reeds die klank gehoor wat die meeste Affie-seuns nooit wil hoor nie. Die klok langs die saal wat min of meer 260 keer weergalm – 'n aanduiding dat hul skooldae tussen die rooibaksteenmure tot 'n einde gekom het. Vir die res van die skool is dit 'n wekroep dat jou tyd by Affies vir seker in 'n oogwink verbyvlieg en dat jy elke geleentheid met albei hande moet aangryp.

Hierdie jaar was minder deurmekaar as 2020, maar steeds nie perfek nie. Ons is egter dankbaar dat die meeste van die sport-, kultuur- en akademiese gebeure min of meer normaal kon voortgaan. "Normaal", soos ons dit geken het, was egter nog nie vir ons beskore nie. Dit is onmoontlik om vir 'n buitestaander te beskryf wat hier by Affies aangaan, maar wat ons hiér het, is kosbaar en ons moet dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Soos ons in 2020 gesien het, besef 'n mens eers werklik wat jy het en hoe bevoorreg jy is, as dít waarvoor jy die liefste is, van jou weggeneem word.

Die tyd om te leer en die tyd om rekenskap te gee van wat jy geleer het, het nou aangebreek. Sluit die vierde hoofstuk van jou 2021-boek goed af, sodat jy aan die einde van die eksamen kan terugkyk op 'n storie waarop jy trots is.

# Nuwe leierskorps vir 2021/2022

Ignus Ferreira




Net soos in 2020 het die Affieraadverkiesing vanjaar weer aanlyn plaasgevind. Die nuwe groep leiers (foto bo) is op 10 September aangekondig en die hoofleiers is kort hierna aangewys. Hulle is Stéhan Heymans (onderhoofseun: Sport), Marx Nel (onderhoofseun: Sosiaal), Beyers Roos (hoofseun), Mikail Köhler (onderhoofseun: Kultuur) en Wernich Barkhuizen (onderhoofseun: Dissipline en Akademie). Beyers Roos is ook verkies as koshuishoofseun en CF Delport as koshuisonderhoofseun. Die volle leiergroep het toe einde Oktober 'n kamp by die skool bygewoon, met die tema "Ons Rooibaksteenmure".

# Nuwe Redaksie vir 2021/2022



Voor sit Clayton Booysen, Janco Botes (adjunkredakteur: Akademie), Heinrich Immelman (adjunkredateur: Sport), Henko Brits (redakteur), Marco Arndt (adjunkredakteur: Kultuur) en Zander Leeb. Agter is Deon Spies, Andru van Zyl, Adriaan Nel, Altus Weiman (fotograaf), Gil Hood en Ignus Ferreira.

# Inentingsentrum by Affies

Clayton Booysen

Met die bemiddeling van 'n Affie-ouer, me. Lizeth Kruger (wat vir Dischem se inentingsprogram verantwoordelik is) was Affies einde Augustus vir 'n week lank 'n inentingstasie. Die Affie-gemeenskap en ook alle Affie-manne bo 18 kon toe by die tafeltennissaal aanmeld vir hul Covid-inenting en hulle kon boonop kies tussen die Johnson & Johnson en die Pfizer-entstof. *Stroom-op* is dankbaar om te berig dat niemand tot dusver ekstra ledemate gegroei het of in 'n Ninja Turtle verander het nie, maar ons hou die situasie dop.



Pieter Rossouw, Reghardt Foord en Henro Bouwer met hul inentingsertifikate

# Bouprojek 2022 bekendgestel

Affies se 2022-bouprojek is op Dinsdag 19 Oktober amptelik tydens 'n skemerkelkonthaal in die Potgietersaal bekendgestel.

Om Affies se onderrigfasiliteite vérder te verbeter, gaan bouwerk aan 14 nuwe klaskamers vroeg in 2022 begin. Die nuwe gebou word op die oostelike wal van die B- en C-rugbyveld opgerig en vervang die vyf tydelike klasse wat in die jare negentig noodgedwonge opgerig is. Die skool het tydens die oorskakeling na Model C in 1992 'n ongekende groei in leerlingtal gehad.

Die argitek, me. Engela White, 'n Affie-ouer, het haar inspirasie hoofsaaklik geput uit elemente van die Joubert-huis waarin die Afrikaanse Hoërskool, die moederskool van die Afrikaanse Hoër Seunskool en die Afrikaanse Hoër Meisieskool, in 1920 gestig is.

Vir dié geleenteid is 'n film vervaardig wat aan die gaste vertoon is. Dit is die volgende dag tydens die voogperiode aan die seuns gewys en daarná met die ouers en oud-Affies op sosiale media gedeel.

Tydens die bekendstellingsgeleentheid het dr. Chris van der Merwe, verteenwoordiger van die 1981-matriekgroep, R50 000 namens dié groep aan die boufonds geskenk. Hierna het talle Affie-ouers, oud-Affies en Affie-vriende hulle voorbeeld gevolg en skenkings gemaak.

Volgens mnr. Joynt is dit moontlik dat die kompleks aan die einde van 2022 voltooi sal wees en dat die Affies die geleentheid sal kry om in November in splinternuwe klaskamers eksamen te skryf.




'n Argiteksvoorstelling van die beplande gebou.

## *In Memoriam*



**JOHANN ISKE** (Graad 10)

*26/01/2005 tot 20/09/2021*

Johann was 'n wellewende en hardwerkende Affie wat die skool in jukskei en hokkie verteenwoordig het.

# NTANDO VERRAS HOMSELF MET TWÉÉ GOUES

Heinrich Immelman

Ntando Mahlangu het nie net die skool nie, maar die ganse Suid-Afrika trots gemaak by die Paralimpiese Spele in Tokio, waar hy nie net een nie maar twéé goue medaljes ingepalm het.

Op 28 Augustus het hy aan die verspring se T63-afdeling deelgeneem en met 'n uitmuntende laaste sprong die goue medalje met 'n afstand van 7,17 m verower. Dié afstand was op die koop toe 'n wêreldrekord. Op 3 September sit hy sy merkwaardige segetog voort deur in die T61-afdeling vir die 200 m ook koning te kraai met 'n tyd van 23,59 sekondes.

Op die dag van die 200 m-finaal het die hele skool bankvas agter Ntando gestaan en hulle het hul ondersteuning luidkeels vanuit die klaskamers laat hoor. Met sy terugkeer na Suid-Afrika is hy by die lughawe deur sy Affie-broers ingewag, waar hulle saam gesing het om sy medaljes te vier.

Wat Ntando se prestasies nog méér besonders maak, is die goeie sportmanskap wat hy getoon het deur die beamptes ná sy deelname aan die onderskeie items persoonlik vir hul harde werk en moeite te gaan bedank.

> "Die verspringtitel was vir my 'n groot verrassing – ek het dit regtig nie verwag nie."

Ntando het aan *Stroom-op* gesê dat die vriendelikheid van die mense in Japan 'n groot indruk op hom gemaak het en dat hy ook 'n heerlike tyd saam met sy Suid-Afrikaanse spanmaats gehad het.




Ntando het na sy 200 m-wedloop die simboliek agter sy spesiaal gemaakte kunsbene verduidelik en genoem dat die rooi, geel en groen strepe sy verbintenis met Affies verteenwoordig. Hierbo is sy inskrywing op Facebook.



Ntando met sy medaljes in die Olimpiese "dorp".

## AHS groet Affie-legende na 30 jaar



Me. Louisa Koen (hier saam met haar suster me. Hannetjie van Wyk) in haar kantoor afgeneem. Dié twee is reeds vir 'n kwarteeu saam in die tuig by Affies se finansiële afdeling.

Me. Louisa Koen, een van Affies se groot steunpilare, tree einde Desember af.

Me. Koen het in 1992 ingestem om as Ekonomie-onderwyseres vir die matrieks in te staan. Voorts was sy in dié tyd behulpsaam om 'n rekenaarstelsel vir die verrekening van skoolfonds op die been te bring. Van 1993 het sy 'n voltydse aanstelling in die skool se administratiewe kantoor aanvaar. Sedert 1997 dien sy as nie-doserende personeellid op die beheerliggaam en was ook 'n sleutelfiguur van die Finansiële Komitee. Me. Koen het verder dikwels as beampte by atletiekbyeenkomste diens gelewer en het as gasvrou by die Affie-wildsfees opgetree.

Sy was deurentyd 'n bekende gesig by sport- en kultuurbyeenkomste.

'n 30-jaardiensmedalje is by die Oktober-prysuitdeling aan haar toegeken.

Affies onthou me. Koen vir die deeglikheid waarmee sy die skool se geldsake bestuur het. Oor me. Koen het 'n voormalige hoof, dr. Pierre Edwards, by geleentheid gesê: "As hoof van finansies was sy van onskatbare waarde vir die hoof en skool. Met haar insig in die skool se finansies het sy nie haar gelyke gehad nie."

*Stroom-op* wens me. Koen en haar eggenoot, Jan, goeie gesondheid en nuwe avonture vir hulle aftreejare toe.

## *Wat het Baby Yoda, Lego en Drones gemeen?* Die Affie-innovasieklub, natuurlik!

Clayton Booysen





Me. Hannie van der Merwe, Jason Pienaar (graad 8) en Clayton Booysen (graad 11) besig met legkaartprogrammering. Op die foto links is Baby Yoda - een van die projekte waarmee die innovasiespan met die 3D-drukkers besig is.

Danksy mnr. Deon Koegelenberg (beheerliggaamlid) se inisiatief, mnr. Joynt se ondersteuning, mnr. Kenny Erasmus se organisasie en me. Hannie van der Merwe se bystand, kan Affies nou 3D-drukwerk doen, hommeltuie vlieg en "amptelik" by die skool Lego bou.

Sedert die ontstaan van die klub op 14 September kan mnre. Kenny Erasmus en Fanie van Wyk byna enigiets op Affies se twee 3D-drukkers skep. Soek jy jou eie plastiekwortel, skeermes of goudvissie? Hierdie is die menere om mee te praat. Die twee het onlangs 'n 7-uur-projek aangepak om vir me. Martina de Vos 'n afgeskaalde ossewa te maak.

Terwyl die drukspan met hierdie praktiese ontwerpe besig is, is die tweede stasie by die Innovasieklub gewoonlik besig om die lug te verken. As jy dus daarin genot vind om na 'n klein masjientjie te staan wat vir 15-minute in die lug sweef, is hommeltuigvlieg vir jou. Wihan Smit (graad 11) sal vir jou kan vertel hoé uitdagend dié vliegaktiwiteit is en ook hoeveel keer hulle kan neerstort sonder om 'n skroef te verloor of te breek. Die hommeltuig kan natuurlik ook op 'n dakbalk gaan sit en weier om af te kom omdat dit te ver is om die sein op te vang.

Tydens *Stroom-op* se besoek was Keenan de Swardt agter die rekenaar in die programmeringstasie besig om die speletjie "Snake" op 'n Arduino-bord te kodeer. Dit is hiér waar skoliere programme kan skryf wat die hommeltuie kan beheer. Volgens Keenan sien hy dit as 'n geleentheid vir hom om SASPAC dalk binne te dring en só 'n elektroniese rewolusie te begin. (*Stroom-op* wens hom alle sterkte hiermee toe.)

Laastens is die Robotika-klub weekliks oop vir almal wat 'n verskoning soek om Lego te bou.

## *Koshuis kry eie kruietuin!*

Adriaan Nel en Andru van Zyl



Die splinternuwe "Koshuis till I die kruietuin"-is onlangs deur die koshuispersoneel geplant. Dié netjiese kruietuin bevat 11 verskillende tipes kruie en 'n verskeidenheid rissies. Mnr. Jean van Staden het al op sy eerste dag by die koshuis die idee van 'n kruietuin voorgestel en hy het dadelik die projek aan die gang gekry. Die kruietuin is aangelê in die onbenutte strook tussen die grensmuur en die koshuis.

Tuiniers met groen vingers! Van links is mnre. Johannes Mokoena, Joseph Tswai, Jean van Staden en mee. Noline Fourie en Karin Weideman. Die eerste kruie is reeds geoes en vorm nou deel van die koshuismanne se heerlike vars slaai en geurige geregte.

# AFFIES SE JUNIOR ÉN SENIOR FLINKDINKERS WEN NASIONAAL

Janco Botes

Markus Nel in graad 11 is vanjaar as senior nasionale wenner van die jaarlikse Blitsbrein algemene-kenniskompetisie aangewys en Joshua Markram (graad 9) het op sý beurt in die junior-afdeling koning gekraai. Albei van hulle het só R10 000 vir hulself en R10 000 vir die skool ingevorder.
Markus sê hy is baie bly dat hy hierdie keer kon wen – hy was in 2019 tweede in die junior afdeling en in 2020 derde in die senior afdeling. Hy is van plan om homself met sy prysgeld met 'n splinternuwe gholfstok te bederf.
Joshuan du Toit en Henko Brits (albei ook in graad 11) het ook na die nasionale finaal deurgedring, en was saam met Markus onderskeidelik eerste, tweede, en derde in Gauteng. Joshuan het met sy tweede plek prysgeld van R3 000 ontvang, en die provinsie se derde beste, Henko, 'n stewige R2 000.



Markus Nel



Joshua Markram

# Redenaars se fut nog lank nie uit



Janco Botes

Met nóg 'n blink ATKV-seisoen agter die rug, is selfs die praatfiks Affie-redenaars nou al effens uitasem. Katleho Molakeng (graad 11) en Chris Chabangu (graad 10) was onderskeidelik landswyd tweede en derde in die ATKV se Nasionale Redenaarskompetisie se senior Afrikaans Addisionele Taal-afdeling. In die senior Afrikaans Huistaal-afdeling eindig vier van ons redenaars op die nasionale top 100-lys, naamlik Damian McDonald (graad 10), Wikus Bornman (graad 10), Juan Engelbrecht (graad 10) en die Affie wat die hoogste plek behaal het, Karno Goosen (graad 10) wat nasionaal agtste geëindig het.

Voor sit Katleho Molakeng, Chris Chabangu en Juan Engelbrecht. Agter is Wikus Bornman, Damian McDonald en Karno Goosen.

# Graad 11's op uitstappie na Maropeng en Sterkfonteingrotte

Marco Arndt

Die graad 11-leerders wat Lewenswetenskappe as vak neem, het op 19 Oktober 'n uitstappie na die Wieg van die Mensdom onderneem. Die groep het die Sterkfonteingrotte en Maropeng Museum besoek, waar hulle onder andere wêreldbekende fossielontdekkings kon bestudeer en by die toergidse meer oor die leefwyse van die vroeë mens kon leer. Die uitstappie vorm deel van die matrieksillabus en is goeie voorbereiding vir die besige jaar wat voorlê.



Van links is Waldo Brewis, Louis Viviers, Rossouw Scharneck, Awie du Plessis, Henning Harding en Mikhael Köhler.

# Scifest Africa

Die Rhodes University High School Quiz of Scifest Africa, het op 14 Oktober aanlyn plaasgevind en Affies se senior span het in dié landswye kompetisie stof in hul opponente se oë geskop. Jan Wiese, Jonty Bleeker (albei in graad 12) en Joshuan du Toit in graad 11 moes 67 spannende vrae beantwoord voordat hulle as wenners aangewys is. Durban Girls College was tweede en St Andrews College derde.
AHS se junior span het bestaan uit Wian van Rooyen en Ignus Ferreira in graad 10 en Ruben Pienaar in graad 9. Dié span het onder die toptien geëindig.



Jonty Bleeker, Jan Wiese en Joshuan du Toit hard aan die konsentreer.

# Drama in die buitelug



Onder die wakende oog van me. Ronèl de Beer het die graad neges in September in die buitelug aan hul drama-uitvoerings gewerk. Elke groep het 'n wiel gespin om 'n sprokie, karakters, ruimte en styl te kry. Hierdie klomp moes "Beauty and the Beast" in wetenskapsfiksie-styl aanbied. Van links is Zirk Meyer, WD Gertenbach, Ruben Groenewald en Luan Potgieter.

# Koor- en orkeslede groet

Marco Arndt

Die orkes- en koorafsluiting het vanjaar onderskeidelik op 13 en 15 Oktober gesorg vir 'n aand van spoggerige musiek en 'n emosionele totsiens van die matrieks. Vanjaar was daar min kans vir konsert en het Affie-ouers dit geniet om hulle seuns se harde werk te kon hoor en die jaar af te sluit op 'n hoë en mooi noot.

Geen orkeslede het verlede jaar erkenning ontvang nie en daarom het 'n volle 48 orkeslede vanjaar tydens die orkesafsluiting hulle kultuurdasse ontvang.



Mnr. AJ Maree saam met die koormatrieks van 2021. Voor is Marnich Visser, Leander Visser, Aaron Tollig. Agter hulle staan Van Wyk Grotius, Louie Barnard, mnr. AJ Maree, Wentzel Lotriet en Janus Kruger. Heel agter staan Stephan Botma, Markus Hay, Armand Pelser, Paul Sweers en Stefan Venter.



Voor is orkeslede Alex Bond, Jan Albert Smith, Marnich Visser, Jan Wiese, William Grobler, Reenen Herbst, Stefan Venter, Julian Engelbrecht en André Rademan. Agter staan Mathiam Diedericks, Wentzel Lotriet, Armand Pelser, Thato Masiza, Devon Marneweck, Simon Hartzenberg, Janno Bouwer, Meyer Basson, Kevin King en Patrick Abbott

# Vierskolekunsuitstalling vanjaar virtueel

Gil Hood

Affies was in September 'n baanbrekergasheer vir die Vierskolekunsuitstalling wat vanjaar weens Covid-19 vir die eerste keer virtueel aangebied is.

Volgens mnr. Philip van Emmenis het die kunspersoneel van AHS, AHMP, PBHS en PHSG elk die top-12 kunswerke in hul betrokke skool gekies, waarna dit professioneel gefotografeer is.

Ná die virtuele kunsuitstalling geskep is, is die skakel op al die sosiale mediaplatforms en webblaaie geplaas. Die seuns kon ook tydens leesperiode in die voogklasse daarna kyk.

Al die jong kunstenaars, kunspersoneel en skoolhoofde het ook 'n glanspublikasie ontvang waarin al dié uitsonderlike werke opgeneem is.




# Kuns in die media

Xander Leeb



'n Versameling van die Affie-kunstenaars se werke is in September in die mediasentrum uitgestal.

Die onderwerpe in die graad 10-kurrikulum was "Selfportret" en vir die graad 11's "Mentors". Die graad 12's moes op hulle beurt werke lewer oor #____*matters* of *#home*. Op die foto bo is Ben van Zyl (graad 11) met sy kunswerk, "Die Ideale Affie", wat groot aftrek onder die algemene Affie-publiek gekry het. Ben en James Odendaal was vanjaar die "kuratore" vir die uitstalling.

# Matrieks trap diep Voortrekkerspore

Gil Hood

Affies spog vanjaar met twee presidentsverkenners. Hancke van der Westhuysen en Jaco van Jaarsveld (foto onder) het in Julie dié nasionale toekenning vir kulturele leierskap van die Voortrekkers ontvang.

Die twee moes vier gebiedskampe bywoon, vier kentekens verwerf en graad 8 tot 11 se portefeulje-opdragte voltooi om vir die toekenning te kwalifiseer. Goeie getuigskrifte van die skool, kerke en hul betrokke Voortrekkerkommando sowel as jare diens in die Voortrekkers het ook 'n rol gespeel. In Aprilmaand moes hulle ook 'n teoretiese eksamen aflê. Laastens moes die kandidate van 8 tot 11 Julie die Nasionale Presidentsverkenner Webinaar bywoon en daarna individueel hieroor terugvoer gee voordat hulle met dié toekenning bekroon is.



# Aardklop wip op by Affies

Adriaan Nel

Een van Aardklop se mees suksesvolle produksies, *Karnaval van die diere & Pieter en die Wolf*, is as deel van die Opwipfees aan die begin van Oktober by Affies aangebied.

Kunstenaars wat opgetree het was, Nataniël (verteller), Charl du Plessis en Megan Geoffrey-Prins (pianiste) sowel as 'n kamerorkes. Jayden Locke, Affie-perkussie-speler in graad 11, het ook sý buiging in die produksie gemaak.

Volgens mnr. Arnold Cloete (hoof: Uitvoerende Kunste) het die skool baie bemarkingswaarde uit dié projek gekry, aangesien Affies, saam met die Atterbury Teater en die Voortrekkermonument, op al die mediaplatforms as een van die venues vir die fees geadverteer is. "Die skool baat natuurlik ook finansieel daarby om die uitstekende fasiliteite by die saal en Kunstekampus te verhuur."



Die "cast en crew" van die Opwip-produksie by AHS.

# AFFIE-ARTES TERUG OP DIE SKOOLKALENDER

Janco Botes

Ná die Covid-droogte van 2020 het die Affies gejuig toe hulle tydens die Artes in September weer hul kultuurkant kon afstof.

Affie-Artes was egter steeds nie op volsterkte terug nie, want die streng Covid-19-beperkings het lae deelname tot gevolg gehad. Waar daar in 2019 tydens die Potjiekoskompetisie meer as 'n 150 potte geprut het, het minder as 50 spanne vanjaar hul tafels opgeslaan en inskrywings vir die gewilde Vierkantkuns was ook maar yl. Die klimaks van die Artes, die gala-aand, is ook weens Covid-19 hewig afgeskaal met 'n prysuitdeling en 'n fotosessie wat in die vierkant plaasgevind het. 'n Video-opname van die gala-aand-optredes is in Oktober vrygestel.

Albert Retief in graad 12 het vanjaar stof in die ander deelnemers se oë geskop en is aangewys as die senior Artes Victor Artium. Die junior wenner was Pieter Smith.

"Selfs met die beperkings het al die deelnemers hulle gate uitgeniet. Volgende jaar gaan ons weer groot", sê me. Erika Swanepoel (organiseerder).



Janco Botes en Christoff Yssel met hul uitbeelding van die voorgeskrewe tema, Refleksie





Albert Retief



Pieter Smith



Ruan Vorster en Olivia Lubbe



Christan Combrinck, Andreas Burger, Marnus Kleynhans, Rohan Grobbelaar, Jayden Locke, Luca Bedeker, Xander Leeb en Enslin Harmse se potjiekosspan het besluit om hierdie unieke dag te verewig deur hul rooi, geel en groen tafelloper deur elke liewe deelnamer van die potjiekos te laat teken.

Op die foto links is JP Bingle en CJ Lindholm besig om "Brownies" te maak.

# AFFIE-DEBAT MAAK STEM DIK BY CONSPIRITO

In die eerste jaar van die Conspirito-debatskompetisie het Affies onder die leiding van dr. Gustav von Bratt twee podiumplekke in die finale rondte van dié kompetisie behaal. Neil Grobbelaar en Jacques Ferreira het as wenners van die junior afdeling uit die stryd getree, terwyl Stephan Ehlers en Naudé Lourens die naaswenners van die senior afdeling was. Die junior span van Dian Dreyer en Pieter Wiese het ook na die finaal deurgedring. Conspirito was die enigste debatskompetisie wat, soos beplan, vanjaar drie rondtes kon aanbied.

Vir die Dink of Sink-kompetisie in Augustus het Affies ses spanne (twee junior en vier senior) ingeskryf. Dié kompetisie is virtueel aangebied. Skole moes opnames maak van hulle eie spanne wat teen mekaar meeding en dit aan die organiseerders stuur. Die uitslae is vroeg in November bekend gemaak. Ruben Joynt, Wian van Rooyen en Jan Wiese was tweede in die senior afdeling. Jan Wiese was ook tweede in die kategorie vir die beste senior spreker.

In Maart het 13 van Affies se 16 spanne na die semi-finaal van die ATKV Nasionale Debatskompetisie deurgedring. Voor die tweede rondte 'n aanvang geneem het, is die kompetisie egter as gevolg van Covid-19 gestaak.



Van links is Jacques Ferreira, Niel Grobbelaar, Naudé Lourens en Stephan Ehlers.

# Toekennings aan uithaler-Affies

Marco Arndt



Die belowendste sportmanne is Chrisjan Maas, Dewald Brevis, Stian de Bruyn en Risima Sambo.

Affies se prysuitdeling het vanjaar op 20 Oktober plaasgevind.

William Grobler en Jonty Bleeker ontvang die gesogte toekenning, "Die Ideale Affie". Dié twee Affies het deurentyd die belang van ander bo hul eie gestel.

Ntando Mahlangu ontvang die toekenning vir die hoogste sportprestasie asook die Ambassadeurstoekenning vir sy uitstekende vertoning en goeie sportmanskap tydens die Tokio Paralimpiese Spele.

As belowendste sportmanne is Risima Sambo en Stian de Bruyn (rugby) sowel as Dewald Brevis (krieket) en Christiaan Maas (gholf) aangewys.

Vir die wyse waarop hy die leiding in 2021 geneem het, is die leierskapstrofee aan hoofseun Dillon Smith toegeken.

Me. Sonja Pistorius en me. Louisa Koen ontvang albei 'n langdiensmedalje vir 30 jaar se toewyding aan die skool. Me. Koen verlaat Affies aan die einde van dié jaar. Sien ook berig op bladsy 3.



Ntando Mahlangu oorhandig sy atletiekfrokkie aan mnr. Joynt.



Dillon Smith met die leierskapstoekenning.



Die toekenning "Die Ideale Affie" gaan aan Jonty Bleeker en William Grobler.

# Mnr. Coetzer haak die knoop deur

Clayton Booysen



Mnr. Niel Coetzer het op 25 September 'n groot stap geneem en tydens 'n pragtige seremonie met sy geliefde Trudie van Niekerk in die huwelik getree. Met mnr. AJ Maree as een van die strooijonkers en mnr. Dirk Taljard as seremoniemeester, is dit seker ook te verwagte dat hierdie bosstroue by Bosboma in Kameeldrif 'n onvergeetlike partytjie was. *Stroom-op* wens vir Meneer Coetzer geluk met een van die grootste mylpale in sy lewe. In die woorde van Winston Churchill: "My most brilliant achievement was my ability to persuade my wife to marry me."

# Aangename kennis, Meester Duyfsel!





Die naamsoekery vir die Affie-duif het baie manne laat kopkrap en 'n hele kaboedel oorspronklike name is uiteindelik aan *Stroom-op* deurgegee. Hieronder tel Cruella (de Ville), Horrelpoot, Footloose, Spikkels, Spotty, Posduif, Kenny Loggins, Scooby Koer, Hop Hop van Tonder en Wit Duif. Die besonder innoverende naam Meester Duyfsel is uiteindelik deur die onafhanklike paneel gekies, met Footloose 'n kortkop agter. Marco Arndt wen die R100-geskenkbewys van 1920.

Op die foto bo is Affie-legende, meester Deysel met Meester Duyfsel.

# OOP HANDE!

Gil Hood



Met die kaalvoetdag op 15 September het Affies R8 250 ingesamel! Die fondse word gebruik vir ons deurlopende betrokkenheid by Laerskool Generaal Nicolaas Smit, Choc (Childhood Cancer Foundation) en die Pretoria Skool vir Serebraalgestremdes.

Deur die skenking van tandeborsels en tandepasta kon die skool ook in September 'n verskil maak in die gemeenskap van Diepsloot, waar 'n oud-Affie en tandheelkundestudent besig is met 'n uitreik-aksie om mense bewus te maak van die belangrikheid van mondhigiëne.

Die Doppieprojek gaan ook steeds voort en daar is al meer as 400 kilogram se doppies ingesamel. Die projek is steeds aan die gang en enige leeder kan doppies in die twee gemerkte asblikke buite 1920 gooi.





Heinrich Bouwer, Divan Koekemoer, Berrange Hugo, John-Thomas Swanepoel, George Gie, Juan Engelbrecht, Arnold Mouton en Wiaan Liebenberg.



Die laaste GEE-WEEK van die jaar was van 25 tot 29 Oktober en afgesien van klere, is daar baie nie-bederfbare kos vir hulpbehoewendes in die Weste van Pretoria ingesamel, sodat hulle tydens die Desember-vakansie voorraad het wanneer die skole gesluit is.

# Hoofleiers kuier



Die hoofleiers van AHMP was op 16 September vroeg-oggend by Affies vir 'n kort kuiertjie. Voor staan Mikail Köhler, Stéhan Heymans, Beyers Roos (hoofseun), Marx Nel en Wernich Barkhuizen. Agter is Hanje Strobos, Megan Jones, Mariese Brits, Megan Kruger (president), Theunia Erasmus en Lea Simpson.

# Matrieks groet die skool

Marco Arndt

Die matriekgroep het op Donderdag 21 Oktober op die tradisionele manier van die skool afskeid geneem.

Die vyf hoofleiers het elkeen geleentheid gekry om die skool te groet, waarna die hele matriekgroep oor die verhoog kon stap en die klok lui.

'n Personeelkwartet, bestaande uit mnre. AJ Maree, Niel Coetzer, Gerrit Jacobs en Bert Rossouw, het ook 'n seënbede vir die graad 12's gesing.

Ná die lui van die klok het die matrieks Affie-liedere op die vierkant gesing, waarna die skool uit die saal met die skoollied geantwoord het.



Die hoofseun, Dillon Smith, lui die klok.

# Onderwysers kry erkenning



Me. Ronel van der Westhuizen ontvang haar geskenksakkie. Jonty Bleeker en Janno Bouwer het die uitdeelwerk gedoen.

Al was Internasionale Onderwysersdag vanjaar in die vakansie, het die beheerliggaam steeds besluit om die geleentheid later te vier en dit vir die personeel spesiaal te maak. Mnr. Marno Boshoff (beheerliggaamlid vir personeelsake) het die onderwysers bedank vir hul volgehoue harde werk en bemoeienis met die seuns. Lede van die Affieraad het toe namens die beheerliggaam geskenksakkies aan die personeel uitgedeel en in pouse is die leerkragte op eetgoed trakteer.

# AFFIES SLAAN GREY VIR 'N SES

Henko Brits

Die naweek van 23 Oktober het vir groot opwinding gesorg met Affies wat op die krieketveld met Grey Kollege kragte gemeet het.
Die Witkolwe, tweede span, o/15A en o/14A het almal tuis gespeel, terwyl die derde span, o/15B en o/14B-spanne die ses uur lange busrit oor die Vaalrivier moes aanpak.

Hiérdie rit was egter die moeite werd. Al drie spanne het as oorwinnaars teruggekeer. Die derde span wen 'n naelbytwedstryd, waarin hulle 365 lopies moes aanteken, met een paaltjie staande.
Die o/15B's wen na 'n puik kolfvertoning met 5 paaltjies en die o/14B's stormloop oor die Grey-span en verslaan hulle met 9 paaltjies.

In Pretoria het dinge presies dieselfde verloop. Geen Grey-span kon hond haar-af maak teen die Affie-boul- en kolfaanval nie.
Die o/14A's slag die Vrystaters af en wen met 169 lopies. Die o/15A's sorg vir 'n paar grys hare op hul afrigters se koppe en wen net-net met 1 paaltjie. By die tweede span vang Bruce van der Westhuizen die oog en neem 5 paaltjies, wat help met hul oorwinning van 60 lopies. Die Witkolwe sit die kersie op die koek en wen met 61 lopies.
Wilco de Bruin staan uit deur ook 5 paaltjies in te palm.



Kry nuwe foto op stelsel!!!!!

# Affie-jukskei volstoom in laaste kwartaal

Clayton Booysen

"Jukskei is soos om met meisies te praat… dit lyk maklik totdat jy dit self probeer." – Anonieme jukskeispeler

In die opwindende derde kwartaal van 2021 was Affies konstant en teen volspoed besig om skeie te gooi. Met Mnr. Colin Fouché as afrigter het sowel die eerste en tweede span aan 'n sosiale liga deelgeneem en het onder die leiding van Wiandré van Deventer en Dirk Kunz onderskeidelik tuis en by skole soos Garsfontein, HTS John Vorster en Hartebeespoort Hoërskool gekompeteer. Alhoewel jukskei hierdie kwartaal sonder beserings was, hou dié sportsoort beslis bepaalde gevare in. Carel Olivier het sy skei met groot entoesiasme laat los en dit het reguit die lug ingepeil. Die manne wat vir skuiling moes duik, kon met groot oortuiging getuig dat "wat opgaan weer moet afkom".



William Grobler

Punte word druk bespreek na elke gooibeurt.

# Kranige ruiter maak geskiedenis

Gunter Combrink (graad 9) het tussen 13 en 16 Oktober aan die SA Boerperd Nasionale Kampioenskap in Parys deelgeneem en het die jongste ruiter in die geskiedenis geword om die 5-gang-kampioenskap te wen. Hy en sy perd, Nandré Baron (foto regs), is nou SA Kampioen 5-gang onder 15 jaar, ruiter en perd, en SA Kampioen 3-gang onder 15 jaar, ruiter en perd.

Vir die vyfgang moet die perd eers loop en dan draf en galop en dan oorskakel na kortgang (waar twee bene van die perd op die grond is) en dan trippelgang (slegs een been op die grond).

Gunter sê hy ry al vandat hy ses maande oud is saam met sy pa perd en hy het nog nooit opgehou nie. Sy pa, Frikkie Combrink, is die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Boerperdvereniging en is ook self 'n teler. Die gesin boer naby Delmas met rose, bokke en beeste.



# Langasems op spoed!

Deon Spies

Tydens die wintermaande het die land se skole swaar onder Covid-regulasies gebuk gegaan, maar omdat landloop nie 'n kontaksport is nie, kon dié aktiwiteit darem voortgaan.

Op 14 en 21 Augustus het talle landlopers Affies se naam hoog gehou in wedlope wat as kwalifikasie gedien het vir die AGN-kompetisie wat op 28 Augustus plaasgevind het. Iddo van Dalen, Reghard Hatting, Deon Spies, Matthew Embrody, Rolf Winterbach en Jason van Antswerpen het die skool uiteindelik by hierdie geleentheid verteenwoordig.



Jean Marais (graad 8), Deon Spies (graad 9), Werner Gouws, Ido van Dalen, Rigardt Cilliers (almal graad 8) en Werno Norval (graad 9) by Midstream College.




# Waterpoloseisoen goed op dreef

Xander Leeb

Affies en Boys High het mekaar vroeër dié kwartaal in vriendskaplike wedstryde ontmoet, waar AHS in die meeste wedstryde oorheers het.
Drie senior spanne het deelgeneem aan toernooie by Wynberg (15A), Rondebosch (14A) en DHS (16A).
Volgens mnr. Van Emmenis is die Kaapse skole net eenvoudig "twee lengtes voor", maar die Affie-manne het steeds puik polo gespeel.
Die Wit Haaie het op hulle beurt gaan kragte meet by die Clifton Toernooi, waar St John's as wenners uit die stryd getree het.
Die naweek van 16 Oktober het die eerste span, 15A's en 14A's in Bloemfontein aan die Grey Kollege Toernooi gaan deelneem en die tweede en derde span by St Alban's, waar hulle ook teen St John's, Boys High en St Benedict's gekompeteer het. AHS se spanne wen vyf van die ses wedstryde.

# Die wiel draai – nog stééds in Dorp se guns!

Henko Brits en Heinrich Immelman



Heinrich Horn en Regardt Foordt (met die bal)

Vanjaar se Koshuis-Dorp-winter-sportkragmetings het op Vrydag 10 September plaasgevind. Die leerders was dankbaar dat hulle vir die eerste keer sedert 2019 weer daaraan kon deelneem.

Koshuis en Dorp het reeds van vroegoggend af die rooibak-steengebou laat dreun. Die rugby-wedstryd was van die begin af in Dorp se hande en hulle was rustyd met 12-0 voor. Koshuis het egter teruggeslaan en het vinnig twaalf punte aangeteken. Die Dorpspan was te sterk vir die "hart van die skool" en het hulle met 26-12 uitoorlê. Dié resultaat maak dat die Illovo-beker vir nóg 'n jaar in Dorp se trofeekas tuis is.

Die hokkie het laatmiddag afgeslaan en Koshuis was vroeg op die aanval. Huis Frank le Roux het eerste bloed geruik en in die dertiende minuut die telling 1-0 gemaak. Dorp het egter nie gaan lê nie en 'n paar minute na rustyd was die telling weer gelyk. In die doodsnikke het Dorp weereens die agterkant van die hok getref en die Swart Dood se harte gebreek.

Na die vakansie het Dorp ook op die krieketveld sout in Koshuis se wonde gevryf. Dorp het eerste gekolf en teken 226 lopies vir die verlies van 8 paaltjies aan. Koshuis word almal uitgehaal met 186 lopies op die telbord. Dorp wen met 40 lopies.

In die week daarná het Dorp ook in water-polo vir Koshuis vermorsel met 'n telling van 18-3.



Die "gesogte" Illovo-beker



Links voor is Jordan Boshoff en Adriaan van Niekerk. Divvie Hoffman dek die afterhoede.

# As *stokperdjie begin… en kyk nou net!*

Deon Spies



"Om 'n goeie hengelaar te wees, moet jy geduld hê, akkuraat kan gooi en jou kunsaas goed ken. Jy moet ook vir lang tye doodstil kan bly," sê Altus Weimann. Hier is hy met 'n swartbaars wat hy tydens die kompetisie by Loskopdam gevang het. By hom is sy afrigter Jannie Erasmus.

Altus Weimann (graad 10) het in April as die jongste deelnemer by Loskopdam aan die Suid-Afrikaanse kunsaashengelkompetisie deelgeneem en eerste plek behaal. Hy is ook as "Rookie of the Year" gekroon en sou die Suid-Afrikaanse Junior Kunsaasspan in Desember by die Karibameer in Zambië verteenwoordig. Dié byeenkoms is egter intussen weens Covid afgestel.

Altus het as vyfjarige saam met sy pa begin hengel, en in graad ses aan kompetisies begin deelneem. Deur die week los hy maar die visvang en fokus op die akademie, maar sodra die naweek aanbreek, gaan hengel hy en sy afrigter, Jannie Erasmus.

In die kompetisies waaraan hy deelneem, word daar gekyk na wie die meeste spesies visse in 'n beperkte tyd met kunsaas kan vang. In die Loskopdam is daar byvoorbeeld dertien spesies, wat insluit makriel, swartbaars, rooiborskurper, bloukurper, vleikurper, babers, karpe, muskietvisse, gillies, dwergtiertjies, dwergkurpers, glasies en papierbekke.

Altus kon tydens die kompetisie in April tien van hulle uittrek.

"Van al die visse is muskietvis en ook babers vir my die moeilikste om te vang," vertel Altus.

# Covid kan hokkie nie stuit nie

Henko Brits

Die hokkieseisoen het op 18 Augustus hervat, nadat die virus tydelik die manne van die astro af gehou het. Die spanne het teen Eldoraigne, Waterkloof, Garsfontein, KES, Jeppe en Boys High gespeel.

Die Witstokke is 'n hokkieles geleer deur die nommer een span in Suid-Afrika, Jeppe. Hulle het 1-9 verloor. In hul volgende wedstryde het hulle egter sake reggestel, deur Eldoraigne met 8-0 en Waterkloof met 6-1 af te ransel. Die derde en vierde span het na Johannesburg gereis, om teen KES te speel. Die vierde span speel gelykop en die derdes wen hul wedstryd 4-2.

Die Witstokke het hierna ook na Johannesburg gereis en met 2-0 teen KES geseëvier.

Die laaste wedstryde van die seisoen is teen die bure oorkant die treinspoor gespeel. Die o/14A-span het wel die Engelse met 4-0 gestraf. Die o/15A's verloor in 'n spannende wedstryd, met 2-3. Die o/16's se wedstryd behoort aan die bure, wat met 3-1 as wenners uit die stryd tree. Die Rooi Valke (tweede span) sluit die seisoen op 'n hoogtepunt af, deur 2-1 te wen en die seisoen onoorwonne te eindig. Die Witstokke verloor hul laaste wedstryd 0-3.



Mnr. Eric de Almeida (afrigter) verduidelik aan die span wat om te doen.

# Tennis seniors beste in Pretoria

Heinrich Immelmann

Affie-tennis het die jaar op 'n hoë noot afgesluit met talle uitstekende uitslae. In die Pretoria-liga het ons seniors hul staal gewys deur almal hulle onderskeie ligas te wen. Affies is ook die enigste skool wat 'n span in al vier ligas kon inskryf.

Ons neem ook twee spanne na Bethlehem vir die jaarlikse Inter Africa Tennistoernooi, en beide spanne vaar uitstekend. Die B-span kraai koning in die B-afdeling maar die A-span moes egter die knieg buig in die finaal van die A-afdeling. En wat is 'n toer nou sonder 'n toetsperiode. Die manne moes seker maak dat hulle hul boeke inpak vir Donderdag se toetsperiode, wat na die oggendwedstryde plaasgevind het.

Die onder 15-span het gewys wat in hulle steek by die jaarlikse Pretoria O/15 Toernooi wat vanjaar deur Waterkloof aangebied is. Na seges oor die Ontwikkelingspan, St Benedict's, Helpmekaar en Kearsney, het die Affie-span vasgeval teen die gashere en eindig in die derde plek. Die eerste span het ook aan die Grey Kollege Feestoernooi in Bloemfontein deelgeneem, waar slegs die toptennisskole mekaar jaarliks die stryd aansê. Die Affie-manne het ware veggees gewys en eindig in die sesde plek.



Donderdae is mos toetsdag – al is jy op toer en in Bethlehem! Hoop akademie gaan so goed soos oggendwedstryde…

## Wenners van die Gauteng-Noord A-liga



Affie-eerstespanspelers wat onoorwonne was in die Pretoria-liga. Voor is Heinrich Immelman, Bernard Janse van Vuuren, Enzo Loots en Stephan van Niekerk. Agter staan Gustav Hefer en Heinrich Lindeque.

# 1961, 1981 EN 2001 HOU REÜNIE

Op 10 September het 15 lede van die 1961-matriekgroep die skool besoek om saam ontbyt in die mediasentrum (destyds hulle skoolsaal) te geniet. 'n Maand later, op 15 Oktober, het Affies sy 1981- en 2001-matrieks by 'n samekoms op die pawiljoen ontvang. Prof. Johan van der Merwe (1981) het die geestelike boodskap gelewer, waarna dr. Chris van der Merwe (onderhoofseun 1981) en adv. Erhardt Fürstenburg (hoofseun 2001) namens hul groepe met die seuns gesels het. Die Swing-ensemble, onder leiding van mnr. Braam van Tonder, het 'n feestelike luim geskep.

By hierdie geleentheid het dr. Van der Merwe namens die 1981's bekendgemaak dat sy jaargroep R50 000 vir die skool ingesamel het. Hierdie skenking is amptelik by die bekendstellings-funksie van die 2022-bouprojek aan die hoof oorhandig as eerste bydrae tot die boufonds.



Die 1981- en 2001-groepe skree die kreet tydens die saalbyeenkoms op die pawiljoen.

# Pierre Schoeman betree internasionale rugby-arena



Pierre Schoeman tydens sy Affie-dae as kaptein van die Wit Bulle, besig met 'n onderhoud met Supersport. Langs hom is mnr. Sakkie van der Walt (afrigter).


Pierre Schoeman is onlangs in Skotland se nasionale rugbyspan ingesluit.

Hy was in 2012 die Witbul-kaptein. In hierdie span was drie spelers wat later in hulle Springboktruie vir Suid-Afrika sou uitdraf, naamlik RG Snyman, Ivan van Zyl en Nicolaas Janse van Rensburg.

Een van die afrigters van die 2012-Witbulle was mnr. Peregrine Joynt. In 'n onderhoud met Wim Pretorius, oud-Affie-sportjoernalis, het mnr. Joynt gesê: "Pierre was 'n uitstekende kaptein en het deur sy voorbeeld gelei. Hy het nooit teruggestaan nie en altyd sy span eerste geplaas."

# Setperke – 'n tweede tuiste vir ons gholfspelers!

Henko Brits



Regoor die land word daar deesdae oor die Affie-gholf-spelers gepraat. Die naam Chrisjan Maas is natuurlik op almal se lippe, maar die res van die Affies is nie ver agter nie.

Chrisjan het in die Oktober-vakansie vir die tweede agtereenvolgende jaar die Silver Salver Amateurtoernooi gewen, wat by Irene-gholfbaan gehou is. Hy wen die toernooi met 'n telling van 16 onder baansyfer ná vier rondtes. Dit was ook die eerste keer dat hy die Affie-kampioenskap gewen het. Hy palm hierdie trofee in met 'n telling van 66, ses houe onder baansyfer.

Vier Affie-manne is ook in die Gauteng-Noord Hoërskolespan ingesluit. Hulle is Nico Booyens (graad 12), JP Oosthuizen (graad 11), Rialdo de Bruin (graad 10) en Wandré Snyman (graad 9) en dié groep het in die vakansie aan 'n nasionale toernooi deelgeneem.

Laaste, maar nie die minste nie, is dat die Gauteng-Noord Spanuitdaag-toernooi óók deur Affies gewen is.

# Skaak laat ou tradisie herleef

Altus Weimann



Affies se eerste interne skaak-kampioenskap in jare het einde Oktober plaasgevind. Die toernooi het uit vyf rondtes Swiss-formaat 30:30-tyd bestaan en 'n rekenaar-program het die bordindelings gedoen om te verseker dat die sterkste spelers teenoor mekaar geplaas word.

Heinrich Loock het uiteindelik as wenner uit die stryd getree, met Wihan Koster en Jacques Blignaut wat onderskeidelik tweede en derde was.

# *Rugbyspanne woel nog láát in seisoen*

Xander Leeb

Weens Covid is die rugby-seisoen vanjaar later afgesluit en daar is nog tot in Augustus en September wedstryde teen KES, CR Swart, Jeppe en Boys High gespeel. Die o/14-spanne se oorwinnings teen Jeppe was veral indrukwekkend en hulle het gesorg vir puntetellings wat gewissel het van 43 tot 77.

Tien spanne draf op teen KES en die skool wen agt en verloor twee net-net. Die vierde span klop CR Swart se eerste span op hulle beurt met 51-7.

Tydens die kragmeting met Boys High het 13 junior spanne opgedraf en almal het hul wedstryde gewen.



Andreas Burger (graad 11) in aksie in die wedstryd teen KES.

## Kortliks

► Ruben Trumpelmann (matriek 2016) is deel van die Namibiese span wat onlangs aan die T20-krieketwêreldbeker deelgeneem het.
► Sewe Affies het aan die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie se Nasionale Kampioenskap deelgeneem. Mias Pienaar het 'n bronsmedalje verower en Andries Coetzer, Joshua Lundall en Jacques Bode almal silwer. Stefan Venter het 'n brons en twee goue medaljes ontvang en Rubin Janse van Vuuren, twee goud.
► Denham Hechter (graad 9) het op 8 Oktober aan die South African Precision Sport Shooting Federation se Nasionale Kompetisie in Welkom deelgeneem. Hy het die junior afdelings in Heavy Varmint sowel as Light Varmint gewen. Dehann het die Gauteng A-span, wat ook goud gewen het, verteenwoordig.
► Mnr. Niell Jacobs is as agterlyn-afrigter van die Bulle se Grant Khomo O/16-span aangewys.
► Mnr. Pieter Cronjé is onlangs as die CSA TAP Lead (Talent Accelleration Programme) vir die Titans (voorheen bekend as die Titans Scout) aangestel.
► Affie-atlete het in Oktober aan die Top 30 in Potchefstroom deelge-neem en 'n derde plek behaal.